

## 16.8 RAPPORT 3: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR RES VAN EUROPA

Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds HS Coetzee (s), prof J Smit.

### Opdrag

#### Algemene aanbeveling oor kerke in die res van Europa

Omdat daar Gereformeerde Kerke is in ander Europese lande soos Tsjeggië, Duitsland, Switserland, Oostenryk, ens, met wie die GKSA geen bande het nie, en ter wille van bediening aan Gereformeerde lidmate uit Suid-Afrika wat in hierdie lande woon, kry die Deputate opdrag om toenemende kontak met Gereformeerde Kerke in hierdie wêrelddele te maak. Deputate kan meer kontak met Oos-Europese kerke opneem, deur die Nederlandse kerke wat reeds kontak met hierdie kerke het.

Dat die Deputate poog om toenemend kontak te maak met Gereformeerde Kerke in die wêrelddeel.

#### Vir kennisname

##### 1.1 *Uitvoering van opdrag*

1.1.1 Daar bestaan tans geen kerke in Europa buiten in Nederland met wie die GKSA ekumeniese kontak, bande of eenheid het nie. Die afgelope termyn is daar telkens onsuksesvol gepoog om tydens besoeke van prof J Smit kontakte op te neem.

1.1.2 Daar is met die kerke in Nederland gesprek gevoer oor hulle betrokkenheid by kerke in Europa en na gesprekke met hulle is ons oortuig daar nie tans kerke bestaan met wie dit vanuit Suid-Afrika sinvol sal wees om formele kontak te maak nie. Kontak by die Internasionale konferensies soos die ICRC en tydens besoeke aan die kerke in die Nederland kan steeds gemaak word.

#### Vir besluitneming

##### 1.2 *Aanbeveling*

Dat daar, weens die hoë koste van besoeke en weinig kerklike kontak tans, nie aktief verder gesoek word na kerklike bande in die res van Europa nie. Soos wat kontak gemaak word tydens konferensies en besoeke van professore sou kontak weer opgeneem kan word. Indien bande gesluit word, moet daar na die praktiese betekenis en wedersydse waarde daarvan vir die betrokke kerke in ag geneem word.

*Rapporteur:*